
Dissiplineer jouself
Danie Nell
"julle moet dan ook leef soos 'n atleet wat alles uithaal om te wen. 'n Atleet wat oefen vir 'n byeenkoms dissiplineer homself en laat alles staan wat hom verhinder om fiks te wees.... ons dissiplineer onself om 'n prys te kry wat vir altyd sal bly"
1 Kor 9:24-25

# DISSIPLINEER JOUSELF

## Danie Nell

Eerste uitgawe 2018

ISBN 978-0-620-79791-7

Kopiereg @ Danie Nell 2018

IN SUID-AFRIKA GEDRUK: Baie dankie aan Blitsdruk in George, wat as drukkers altyd uitstekende werk lewer. Hulle word sterk aanbeveel.
Tel: 044-874-5014 / Epos: info@blitsdruk.co.za

BUITEBLAD ONTWERP: Dankie aan Yolla Kock. Die atleet wat alles uithaal om te wen pas baie mooi by my boek se tema van dissipline.

HOOFREDIGERING: Baie dankie aan Lee Scholtz vir die redigering van my manuskrip.

MANUSKRIP TEKS & ALGEMENE REDIGERING:
Adele Visser Graphic & Web Design
Sel: 082-600-3601 / visser969@gmail.com.

BYBEL VERTALINGS GEBRUIK:
Die skrifaanhalings wat ek gebruik het kom uit die Afrikaanse Bybel 1953 en 1983 vertalings, met toestemming van die Bybelgenootskap van S.A. Waar ander vertalings gebruik word, sal dit aangedui word. Dank die Here vir die baie vertalings wat daar vandag is, wat 'n bron van krag en seën is.

BOEK BESTELLINGS:
Danie Nell, Posbus 1282, Jeffreysbaai. 6330. Suid Afrika
Epos: danie.nell1937@gmail.com

## OPGEDRA AAN:

*Helene, my vrou, wat iemand is met baie dissipline. Sy het my hierin gehelp omdat ek nogal impulsief kan raak om vinnig iets te doen.*

*Natuurlik dra ek hierdie skrywe op aan my Hemelse Vader wat ons die krag en wysheid gee om onsself te dissiplineer.*

# ERKENNING

EK gee erkenning aan 'n boek wat ek gelees het, geskryf deur Richard J. Foster met die titel: "Celebration of Discipline".

In sy boek praat hy van: "The Inward Disciplines" Daarin verduidelik hy: "Meditation / Prayer / Fasting / Study. Hy praat ook van: "The Outward Disciplines" Naamlik: "Simplicity / Solitude / Submission. Die slotgedeelte gaan oor: "The Corporate Disciplines" Hier verduidelik hy: "Confession / Worship / Guidance / Celebration"

"Celebration of Discipline" is seker een van die mees uitstaande boeke ooit. 'n Miljoen boeke is reeds gedruk en meer as 38 miljoen mense het al Richard Foster se "Celebration of Discipline" op sy webtuiste besoek! Geen wonder dat dit my ook geïnspireer het nie.

Richard Foster beklemtoon dat geestelike dissipline nie n baie moeilike saak behoort te wees nie. Hy verwys dan na 1 Joh. 5:3 wat soos volg lees: *"Want dit is die liefde tot God, dat ons Sy gebooie bewaar; en Sy gebooie is nie swaar nie."* Ons moet dus nie dinge vir onsself te swaar maak nie. Ons moet 'n drang hê om 'n doel te bereik.

# INHOUD


| NR | TITEL | BL |
|---|---|---|
| | Voorwoord | 6 |
| 1 | Bybelse Voorbeelde van Dissipline | 10 |
| 2 | Dissipline in Gebed | 16 |
| 3 | Om'n Ware Aanbidder Te Wees | 29 |
| 4 | Om Jou Humeur Te Beheer | 40 |
| 5 | Om Boeke Te Lees | 42 |
| 6 | Aan Onderwerping | 44 |
| 7 | Om Te Vergewe | 46 |
| 8 | Om 'n Wenner Te Wees | 49 |
| 9 | Om Jou Te Verbly in die Here | 51 |
| 10 | Om 'n Gewer Te Wees | 54 |
| 11 | Om Jou Tong Te beheer | 58 |
| 12 | Om Jou Tyd Reg Te Gebruik | 64 |
| 13 | Om 'n Ware Dissipel Te Wees | 67 |

# VOORWOORD

*"DISSIPLINE is die vermoë in jou gedrag om jouself te beheer in 'n manier dat jy jouself gehoorsaam kan stel aan 'n sekere standaard."*

As daar een ding is waaraan ons almal moet werk, is dit aan ons dissipline. Dit is nie iets wat vanself kom nie.

Ek het hierdie boek geskryf om riglyne te gee wat moontlik sal help.

Wat Al Bereik is Deur Mense wat Dissipline Toegepas Het:

Onthou dit: Jy is nooit te jonk of te oud om jou doel in die lewe te bereik nie.

➢ Helen Keller was 19 maande toe sy doof en blind geword het. Tog het sy haar BA-Graad in Kuns verwerf.

➢ Mozart het sy eerste musiekstuk gekomponeer toe hy vyf was.

➢ Shirley Temple was ses-jaar toe sy 'n filmstêr geword het in die rolprent "Bright Eyes"

➢ Magnus Carlson het 'n skaakkampioen geword op dertien-jaar.

➢ Pelé, die sokkerstêr, was seventien-jaar toe hy die wêreldbeker in 1958 vir Brazilië gelig het.

➢ Jesse Owens 22 toe hy vier goue medaljes in Berlyn gewen het.

➢ Roger Bannister was 25 toe hy die eerste persoon geword het om die myl onder 4-minute te hardloop.

➢ Edmund Hillary was 33 toe hy die eerste persoon geword het om Everest (die hoogste berg in die wêreld) te verower.

➢ Die Wright broers, Orville en Wilbur, was die eerste mense wat ‘n suksesvolle vliegtuig ontwerp het.

➢ Nelson Mandela het na 27 jaar in die tronk die President van Suid Afrika geword in 1994, op die ouderdom van 72 jaar.

## Wat Mense Al Gesê Het Oor Dissipline

“Discipline isn't about showing a dog whose boss; it's about taking responsibility for a living creature you have brought into your world.”

Be the Pack Leader: Use Cesar's Way to Transform Your Dog ... and Your Life — by Cesar Millan.

“When an individual is motivated by great and powerful convictions of truth, then he disciplines himself, not because of the demands of the church, but because of the knowledge within his heart” — Gordon B. Hinckley

“Why is discipline important? Discipline teaches us to operate by principle rather than desire. Saying no to our impulses (even the ones that are not inherently sinful) puts us in control of our appetites rather than vica versa. It permits truth, virtue, and integrity to rule our minds instead.” — John MacArthur

“Always remember to take your Vitamins: Vitamin A for Action, Vitamin B for Belief, Vitamin C for Confidence, Vitamin D for Discipline, and Vitamin E for Enthusiasm!” ― Pablo

“True discipline is really just selfremembering; no forcing or fighting is necessary.”

Transcending Diets & Dogma to Nourish the Natural Self ― by Charles Einstein

“If you only write when inspired, you may be a fairly decent poet, but you'll never be a novelist.” ― Neil Gaiman

“Only a self-disciplined person can be obedient; and only such a person can be autonomous.” ― Thomas Stephen Szasz

---

# HOOFSTUK 1

## Bybelse Voorbeelde van Dissipline

**MOSES se Dissipline het vrede in Israel gebring (Exodus 18).**

Vanaf vers 13 tot 18 vind ons die gesprek tussen hierdie manne en waar Jetro vir Moses sê dat hy totaal verkeerd optree en dat hy heeltemal uitgeput sal raak sowel as die volk van Israel.

Die heel eerste dissipline wat Moses moes toepas was om as 'n bidder by God vir die volk in te tree. Geen leier sal sukses ervaar indien hy of sy nie as bidder by God sal intree nie.

Moses moes ook Israel God se waarhede leer (vers 20) en dit verg altyd dissipline en doelgerigtheid om dit te kan doen. As ons ware vrede in die kerk wil sien, sal predikers nie net mooi preke moet preek nie, maar hul mense, kern waarhede leer.

Moses moes nie alles self doen nie, maar moes delegeer! (verse 21,22) Dissiplineer jouself om nie alles self te wil doen nie! Dit is iets waarmee ek baie gesukkel het, want ek het die meeste dinge self gedoen, hoofsaaklik omdat ek net oortuig was dat ander dit nie goed genoeg sou doen nie.

Toe ek geleer het om te delegeer, het ek besef dat wanneer ek mense vra om iets te doen, moet ek aanvaar dat iemand wel kan fouteer. As jy te perfek is in jou optrede sal jy net vir jouself meer probleme skep. Weet

dat jy nie werk met volmaakte mense nie, maar met mense (soos jy) wat gebreke het.

Indien die waarhede in Exodus 18 toegepas word, sal lidmate tevrede na hul woonplekke gaan, soos wat ons lees in vers 23.

## Dawid se Dissipline

In Samuel 17 lees ons waar Isai sy jongste seun Dawid gestuur het om kos te neem vir sy drie oudste broers in die oorlog teen die Filistyne. Dawid se oudste broer Eliab, het hom terug gejaag huistoe, toe Dawid met die mansskappe gepraat het oor Goliat.

Al was Dawid beledig deur sy broer, was sy mooi gesindheid in sy antwoord: "ek vra maar net." Dawid het homself gedissiplineer.

Goliat het van Dawid 'n kampioen gemaak - geen Goliat, geen kampioen! Die vraag is: Het jy 'n "Goliat" wat jy moet oorwin? Let dan op hoe jy met jou probleem praat. Jou woorde is baie belangrik. Want in Spr. 18:21 lees ons:

> *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet."*

Dawid praat met Goliat soos iemand wat 'n verbond het met die lewende God. Lees weer mooi na wat Dawid gesê het in 1 Sam. 17:45-47:

> *"Maar Dawid sê vir die Filistyn (Goliat): Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n*

> *lans, maar ek kom na jou in die Naam van die Here van die leërskare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het.* ('Goliat, jy het nie Israel uitgedaag nie, maar God.') *Vandag sal die Here jou in my hand oorlewer, dat ek jou kan verslaan en jou hoof van jou wegneem, en die lyke van die leër van die Filistyne vandag aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde kan gee, sodat die hele aarde kan weet dat Israel 'n God het. Dan sal hierdie hele menigte moet erken dat die Here nie deur swaard en deur spies verlos nie; want die stryd behoort aan die Here, en Hy sal julle in ons hand gee."*

Die res van die storie is geskiedenis! Dawid het met een klip Goliat verslaan.

## Nehemia Se Dissipline

God het Nehemia gebruik om die mure van Jerusalem weer op te bou en baie dinge te restoreer in die stad. Maar dit is duidelik dat hy baie dissipline nodig gehad het om sy doel te bereik.

Een uitstaande iets rakende dissipline in Nehemia se lewe was om nie almal te vertel wat God hom meegedeel het nie.

Ons lees in Nehemia 2:11-16:

> *"En toe ek in Jerusalem kom en daar drie dae was, het ek my in die nag gereedgemaak, ek en enkele manne saam met my; maar ek het aan geen mens meegedeel wat my God in my hart gegee het om vir Jerusalem te doen nie; daar was ook geen dier by my nie, behalwe die dier waar ek op gery het. En ek het in die nag deur die Dalpoort uitgery en na die kant van die Slangfontein en na die Aspoort toe; en ek het die mure van Jerusalem besigtig wat stukkend lê, en sy poort wat deur vuur verteer het...Maar die leiers het nie geweet waar ek heengegaan het en wat ek doen nie; want ek het tot nog toe die Jode en die priesters en die edeles en die leiers en die ander wat die werk doen, niks te kenne gegee nie."*

Ons maak 'n fout as ons met almal praat, as God aan ons iets persoonliks gesê het!

Kan ek jou my groot fout meedeel wat ek gemaak het toe ek predikant was in Port Elizabeth Noord?

Vir meer as twee jaar was ons sonder ‘n kerkgebou. In hierdie tyd moes ons van verskillende sale gebruik maak, soos die Dagbreek saal in Sidwell en die Bon Accord saal in Noord Einde.

Ek het gaan praat met een hoof van Ford Maatskappy. Hy was ons goedgesind en het opdrag gegee dat ‘n pragtige perseel, wat aan hulle beloof is deur die Munisipaliteit, eerder aan ons kerk te gee. Soos jy kan besef het dit my só opgewonde gemaak dat ek dit oral bekend gemaak het, selfs in ‘n plaaslike haarsalon. Dit was die grootste fout wat ek kon maak. Voordat ek by die stads beplanner kon uitkom om aansoek te doen vir hierdie perseel, het iemand alles gekelder, en het ons dit nie gekry nie.

Die haarkapper, wat ook ‘n gelowiges was, het my gebel nadat ek dit die dag bekend gemaak het met hierdie woord: “Pastoor, kan ek jou iets leer? Moet nooit ‘n geheim wat die Here aan jou gegee het sommer aan almal bekend maak nie – selfs nie in ‘n haarsalon nie!”

---

# HOOFSTUK 2

## Dissiplineer Jouself in "Gebed"

MAAK seker dat jou motiewe reg is wanneer jy bid. Ons lees in Jakobus 4:

> *"As julle bid, ontvang julle nie omdat julle verkeerd bid; julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig."*

Die Boodskap vertaal dit met: *"...Julle sê dalk: Ja, ons bid tog, maar God gee nie vir ons wat ons vra nie. Daar is 'n goeie rede voor: julle motiewe is verkeerd. Julle vra die goed van God sodat julle dit soos stout kinders net vir julleself kan hê. Dit gaan net om julleself en om iemand anders nie."*

Jesus het Homself gedissiplineer om te bid. Ons lees in Mark. 1:35, *"En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en daar gebid."*

Selfs die apostels het gesê in Hand. 6:4, nadat hulle leiers aangestel het om na die weduwees om te sien: *"... maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord."*

Geen leier moet ooit te besig raak dat hy nie tyd kry om te bid nie. Dissipline om te bid is nie onderhandelbaar nie.

My krag in die bediening was daarin dat ek elke Vrydag myself toegesuit het in my studeerkamer om in gebed tyd te neem met God die Vader, Jesus die Seun en met die

Heilige Gees! Ek was so ernstig hieroor dat ek niemand wou ontvang, wat my wou sien terwyl ek genoeg tyd geneem het om in gebed te spandeer nie.

Die vraag is: Wat is gebed? Dit is ‘n geprek met God! Daarom is dit ‘n dialoog en nie ‘n monoloog nie. Ek praat met God, maar luister dan weer dat Hy met my praat. Hy praat met my in my hart deur Sy Gees en deur Sy Woord. Hiervoor het ek tyd nodig en beslis dissipline!

## Hoe Moet Ons Bid?

• IN DIE NAAM VAN JESUS. Joh. 14:6 ~ Jesus is aan die woord: *“En wat julle ook al in my Naam vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.”*

• Gebruik NIE YDELE HERHALING van woorde nie. Ons lees in Matt. 6:7, *“En as julle bid, gebruik nie ‘n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word.”*

Die “ONSE VADER” bly ‘n model gebed in Matt. 6:9-13.

• Ons moet “SONDER OPHOU” bid ~ 1 Thes. 5:17: “*Bid sonder ophou.”* Die Boodskap vertaal dit met: *“Praat met die Here elke keer as julle die kans het. Moet nooit moeg word om te bid nie. Hy hoor!”* Kan jy sien hoe belangrik is dissipline wanneer jy bid?

• Ons moet “GEDURIG BID EN NIE MOEDELOOS WORD NIE” ~ Luk. 18:1: *“En Hy het ook aan hulle ‘n gelykenis vertel met die oog daarop dat ‘n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie.”*

• Wees KONSTANT EN INTENSIONEEL as jy bid! Ons het vroeër gesing: “Bid maar deur jy sal die antwoord kry.”

Dank God vir die krag van gebed!

## Die Eerste Kerk

Hand. 4:31, *"En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek."*

Die volgende het gebeur toe die gemeente in Jerusalem gebid het:

• Die plek is geskud en almal is gevul met die Heilige Gees (vers 31). As daar ooit 'n tyd was dat ons 'n geestelike skudding nodig gehad het, dan is dit vandag! Korrupsie, misdaad, verkragting, moord en te veel om te noem, sal alleenlik gestop word deur 'n ingryping van God!

• God se Woord was met vrymoedigheid gespreek (vers 31).

• Hulle was een van hart en siel en het hul besittings met mekaar gedeel (vers 32).

• Verkeerde dinge is onder hulle geopenbaar (Hand. 5)

• Wonders en tekens het plaasgevind (Hand. 5:12-16) Kom ons vertrou God vir genesings en Wonders!

## Die Krag van 'n Gemeente Se Gebed

In Handeling 12 vind ons 'n voorbeeld van die krag van gebed. Koning Herodus het Jakobus, die broer van Johannes, doodgemaak. Toe hy sien dat die Jode bly is daaroor het hy Petrus in die gevangenes gesit.

Maar lees nou wat staan geskrywe in vers 5: *"So is Petrus dan in die gevangenes bewaak; maar daar het 'n aanhoudende gebed tot God deur die gemeente vir hom opgegaan."*

Sien, gebed het al die verskil gemaak! Want omdat hulle gebid het, het die volgende plaasgevind: Die boeie wat Petrus gebind het, het afgeval van sy hande. En 'n engel het vir hom gesê om sy skoene aan te trek, sy bo-kleed aan te trek en hom te volg.

Dan lees ons die volgende in vers 10: *"En toe hulle by die eerste en die tweede wag verbygegaan het, kom hulle by die ysterpoort wat na die stad lei, en dit het vanself vir hulle oopgegaan."*

Die vraag wat ek wil vra, is: Het die ysterpoort (die deur) vir Petrus gewag óf het Petrus vir die deur gewag?

Wag jy vir die deur voor jou om oop te gaan óf wag die deur vir jou? Die antwoord is: Die deur wag vir jou! Maak nie saak wat die naam van jou deur is nie. Beweeg dus in die geloof, soos wat die Priesters van ouds beweeg het na die Jordaan rivier met die Verbondsark op hul skouers. Hulle moes bly loop totdat hulle besef het dat hulle voete in die water was. Eers daarna het God die water van die Jordaan vir hulle oopgemaak.

Indien jy in die geloof beweeg, sal die deure vir jou oopgaan!

## Nog 'n Voorbeeld Wanneer 'n Gemeente Bid

God het koning Herodus verwyder, wat homself bó God wou stel. Ons lees in Hand. 16:23: *"En onmiddelik het 'n*

*engel van die Here hom getref, omdat hy die eer nie aan God gegee het nie; en hy is deur wurms verteer en het gesterwe."*

Dié gedeelte sluit af met 'n treffende en 'n positewe teks in vers 24 (alles omdat 'n gemeente gebid het) *"Maar die woord van God het gegroei en toegeneem."*

My God, doen dit weer!

## Die Waarde Van Gebed

Op. 5:8: *"En toe hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is."*

Dawid roep uit in Ps. 141:2: *"Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer".*

In Ex. 30 lees ons van die reukofferaltaar. Dit was van Akasia hout en vierkantig. Een el lank en een el breed. Twee el in hoogte. Dit was met suiwer goud oorgetrek, en het twee goue ringe aan die kante gehad vir die draagringe waarmee dit gedra was. ('n "el" is die lengte vanaf jou elmboog tot by jou langste vinger)

Waar het dit gestaan? Reg voor die voorhangsel. Die reukwerk het dus ingetrek in die voorhangsel.

Kyk wat moes die hoëpriester hier doen: Eks. 30:7-8: "*En Aäron moet daarop (op die reukofferaltaar) reukwerk van speserye aan die brand steek; elke môre as hy die lampe regmaak, moet hy dit aan die brand steek. En as Aäron teen die aand die lampe opsteek, moet hy dit aan die*

*brand steek as 'n voortdurende reukwerk voor die aangesig van die Here in julle geslagte."*

Hoe lyk jou "reukoffer altaar"? Hoe lyk jou "Gebeds-altaar"? Gebed moet só belangrik vir ons wees dat ons dit doen wanneer ons wakker word en wanneer ons gaan slaap. Ja, meer nog, ook gedurende die dag! Dissipline, en nogmaals dissipline is nodig!

## Waarvoor Kan Ons Bid?

• **VIR DIE REDDING VAN SIELE** ~ Rom. 10:1, *"Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding."*

1 Tim. 2:3,4 *"Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom."*

• **VIR ONS LEIERS** ~ 1 Tim. 2:1,2 *"In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid"*

'n Eerlike vraag: Bid ons nie te min vir ons regering nie?

• **VIR HERLEWING** ~ bid soos die Psalmdigter: *"Sal U ons nie weer lewend maak, sodat U volk in U bly kan wees nie."* Psalm 85:7

Voor die Wallis-herlewing in 1903/1904 het Evan Roberts vir 15 maande aanhoudend daarvoor gebid! Gedurende die eerste vyf weke van hierdie herlewing het 25 000 mense tot bekering gekom.

Die herlewing in die steenkoolmyne was so geweldig dat die muile nie meer die koekepanne kon trek nie, want hul base wat hulle gevloek en geslaan het was gered en derhalwe kon hulle nie meer streng optree teen die muile nie!

Dissiplineer jouself om vir herlewing te bid, want die Bybel sê in: 2 Kron. 7:14 "*En (as) My volk, oor wie My naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en My aangesig soek en hulle bekeer van hulle verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.*"

• **GENESING**: Kyk wat het Hiskia ondervind volgens wat ons lees in 2 Kon. 20 toe hy weens sy siekte moes sterf, maar God sy gebed gehoor het en nog vyftien jaar by sy lewe bygevoeg het.

Hoe verstaan ons Jakobus 5:14-16? *"Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom b id nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag."*

• **GEBOORTES**: Ons kan selfs bid vir die geboorte van ons kinders Hanna het vir haar seun Samuel gebid!

In 1 Sam. 1:9-20 lees ons dat Sagaria het vir die geboorte van sy seun Johannes die doper gebid! Luk. 1:13.

• **UITREDDING**: Ons kan bid vir uitredding in nood. Dink aan Josafat (wat homself vermom het) toe hy saam met

Agab, sy swaer, geveg het. 2 Kron. 18:31. (Die geveg was teen die Aramiërs).

Dr. Paul Y Cho die pastoor van die grootste kerk op aarde in Seoul, sê dat hulle kerk in ‘n krisis was in 1969 tot 1973. Hulle was besig om te bou aan hul 10 000 sitplek-kerk en ‘n blok woonstelle. Die dollar het geval en die olieboikot was aan die gang. Lidmate het hul werk verloor, en het bankrotskap in die gesig gestaar!

Die duiwel het vir hom gesê om homself om die lewe te bring deur van die woonstelblok af te spring! Toe gaan bid hy in die bedompige kelder by hul gebedsberg - die gemeente het saam gevas en gebid. God het uitkoms gegee!

Vandag is die hemel oop bo Korea, en duisende mense word gered. Dié gemeente is meer as 800,000 lidmate!

## Voorbidding

Leer ook om vir ander te bid! Ons praat van ‘n “Voorbidder” wat iemand is wat tussen God en mens staan in gebed, wat intree vir ander mense.

Min Christene wil dit doen, want dit verg baie dissipline. God verwag dit van ons.

1 Tim. 2:1-4 Die Boodskap vertaling:

*“Die eerste ding wat ek vra, is dat julle vir almal moet bid. Vra dat God almal moet help met wat hulle nodig het en sê vir God dankie daarvoor. Dit maak nie saak of dit die belangrikste persoon in die regering is en of dit sommer ‘n gewone polisieman is nie, bid vir elkeen wat moet sorg dat alles goed gaan in die gemeenskap. Julle sal die vrug*

*daarvan pluk, want julle sal dan in rus en vrede julle gang kan gaan en kan leef soos God wil hê julle moet leef. So hoort dit en so hou God, wat ons gered het, daarvan. God wil hê alle mense moet na Hom toe kom en by Hom leer wat waar is."*

Jesus was, en is, 'n voorbidder In Joh. 17 tree Jesus op as 'n voorbidder toe Hy gebid het vir al Sy dissipels (Dit sluit ook vir jou en my vandag in – lees dié hoofstuk!)

In Rom. 8:34 word verklaar dat Jesus aan die regterhand van God is en dat Hy vir ons intree.

In Heb. 7:25 staan geskrywe: *"Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree."* (Kan jy sien Jesus is 'n voorbidder?)

En in 1 Tim. 2:5 lees ons: *"Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus"*

Sò het Jesus voorbidding vir Petrus gedoen:
Luk. 22:31,32: "*En die Here sê: Simon, Simon, kyk die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk."*
Jesus het vir Petrus gebid voordat hy soos koring gesif is. Moenie wag totdat iets iemand tref nie, en weet dat jy kan intree by God, om iets te keer.

Past. Ronnie Barnard se vader het 'n gesig gesien hoedat sy oudste seun in 'n motor ongeluk was. Die motor het gerol met sy seuntjie by hom. Hy het nie geweet dat as gelowige kon hy intree en dit verhoed het nie!

Abraham het ingetree vir Sodom ~ Gen. 18:20-32.

**As Voorbidder Soek Jy Nie Jou Eie Belang Nie**

Lees Ex. 32: 9-14. Dan sal jy uitvind hoe Moses dit waag om tussen God en Israel te staan en te pleit vir hulle lewens, terwyl hul verdien het om uitgeroei te word

Num. 12: 1-15 ~ Mirjam tree op teen Moses omdat hy, volgens haar, 'n verkeerde vrou getrou het. Sy word melaats, maar Moses word die voorbidder wat haar lewe spaar deurdat hy vir haar gebid het: *"En Moses het die Here aangeroep en gesê: O God, maak haar tog gesond."* (vers 13)

**Neem kennis: 'n Ware voorbidder is iemand wat kan vergewe.**

As jy in elk geval berge van probleme wil verskuif sal jy moet kan vergewe.

Mark. 11:23-26: *"Want, voorwaar Ek sê vir julle wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê. Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit ontvang het, en julle sal dit verkry. En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe."*

• **OORWIN DEUR VERGIFNIS.** 'n Voorbidder se lot word verander as hy vir ander bid Job. 42:10: "*En die Here het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het."*

Toe Job vir ander intree by God: Het God sy besittings vermeerder. Ons lees in vers 11 dat sy familie vir hom geld gebring het en hy geseënd was en hy lank gelewe het.

Job se verhaal sluit af met Job 42:12,16,17, *"En die Here het die einde van Job meer geseën as sy begin; en hy het veertienduisend stuks kleinvee en sesduisend kamele en duisend paar beeste en duisend eselinne gehad...En Job het daarna honderd en - veertig jaar lank gelewe; en hy het sy kinders en kindskinders gesien, vier geslagte. En Job het gesterwe, oud en afgeleef."*

**• VERANDER NEDERLAAG IN OORWINNING.**

Lees 2 Kon. 18 & 19. In koning Hiskia se veertiende jaar, verower Sanherib vir Juda. Hy neem die silwer en goud vanuit die temple. Hy sny selfs die goud van die deure en kosyne. Sy manne daag Israel in die Joodse taal uit en verkleineer God. Hiskia skeur sy klere en neem Sanherib se brief na die tempel en plaas dit voor God.

Lees wat was God se reaksie!

2 Kon. 19:35, *"En in dieselfde nag het die engel van die Here uitgetrek en in die laer van die Assiriërs honderd - vyf - en - tagtigduisend verslaan; en toe hulle die môre vroeg hul klaarmaak – was dit almal dooie liggame!"*

## Saamstem in Gebed

Daar is geweldige krag in die saamstem in gebed. Lees Matt. 18:19 totdat jy dit tenvolle verstaan. Dit lees: *"Weer sê Ek (Jesus) vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is."*

Deur die jare was hierdie Skrifgedeelte die krag in ons gebedes. Wanneer ons in gebed saamgestem het, het ons wonderlike dinge gesien plaasvind.

## Die Heilige Gees Help Ons Om te Bid

Rom. 8:26, *"En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge."*

Daar kom tye dat ons nie mooi weet wat en hoe ons moet bid nie. Dit is dan dat die Heilige Gees vir ons help om te kan bid.

Ek het baie keer die ondervinding gehad dat terwyl ek bid, hoor ek hoe ek bid sonder dat dit my persoonlike gedagtes is wat ek hoor. Dit is om in die Gees te bid!

Ek beveel die volgende boeke aan oor Gebed:

*"With Christ in the School of Prayer"* deur Andrew Murray en "*Intercessory Prayer"* deur Dutch Sheets.

---

# HOOFSTUK 3

## Dissiplineer Jouself om 'n "Ware Aanbidder" te Wees!

IN Joh. 4:23,24 het Jesus gesê:

*"Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid."* (1953 Vertaling)

1983 Vertaling: *"Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen. God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid."*

"To Worship is to quicken the conscience by the holiness of God, to feed the mind with the truth of God, to purge the imagination by the beauty of God, to open the heart to the love of God, to devote the will to the purpose of God." (William Temple)

Aanbidding moet 'n daaglikse leefwyse wees. Berei jouself ook in die week voor om saam met jou gemeente op Sondag God te aanbid.

Raak ontslae van al jou vleeslike redes waarom die aanbidding in jou kerk nie na wense is nie. Ai, die baie opinies oor die liede wat ons sing in ons dienste.

In die King James vertaling word daar melding gemaak dat ons lof aan God 'n offer aan God is. Heb. 13:15: *"Therefore by Him let us continually offer the sacrifice of praise to God, that is, the fruit of our lips, giving thanks to His Name."*

Die Griekse woord vir "offer" wat hier gebruik word is "thusia" en ek deel met jou die verduideliking in "The Spirit Filled Life Bible" wat soos volg lees: "...to kill and slaughter for a purpose". Praise requires that we "kill" our pride, fear, or sloth – anything that threatens to diminish or interfere with our worship of the Lord."

## Waarom God Aanbid?

Lees Ps. 103:1-12 en vra:

• **IS JOU SONDES VERGEWE?** Ps. 103:2, 3 en 12, *"Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie. Wat al jou ongeregtighede vergewe, wat al jou krankhede genees… sovêr as die ooste verwyder is van die weste, so vêr verwyder Hy ons oortredinge van ons."*

Dank jy God nog dat jou sondes vergewe is? Jy moet nooit jou dank teenoor God hiervoor verloor nie. Wees ook dankbaar vir genesing. Hy het sekerlik vir jou en jou gesin wonders gedoen?

• **IS JY VERLOS VAN BOSE MAGTE?** Ps. 103:4, "...*wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede."*

Kol. 1:13 *"Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van Sy liefde."*

Neem ook kennis dat dit God is wat ons met die goeie versadig. Ps. 103:5 *"...wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut sal word soos dié van 'n arend."*

**• GLO JY GOD IS REGVERDIG EN VERGEWE JOU?**

In "The Living Bible" lees ons in Ps. 103:6-9: *"He gives justice to all who are treated unfairly... He is merciful and tender towards those who don't deserve it. He is slow to get angry and full of kindness and love ~ He never bears a grudge, nor remains angry forever."*

Die Boodskap vertaal hierdie teks soos volg: *"Die Here help almal wat onderdruk word. Hy is goed. Hy sorg dat reg aan hulle gedoen word… Die Here se hart is baie sag. Hy gee graag goeie dinge aan ons. Hy is geduldig. Hy het sy kinders baie lief. Die Here sal jou nie aanhou straf vir die verkeerde dinge wat jy gedoen het nie. Ook bly Hy nie vir altyd kwaad oor iets nie."*

Is hierdie nie genoeg rede waarom ons gedurig God moet loof en prys nie?

**LEES OOK PSALM 150. In hierdie Psalm is daar vier vrae:**

- WAAR moet God geloof word?
- (v.1) WAAROM moet God geloof word?
- (v.2) WAARMEE kan God geloof word?
- (v.3-5) WIE moet God loof? (v.6)

## Wat Beteken Lofprysing Aan God?

"Lofprysing is om die voortreflikhede van God uit te spreek. Om die hoedanighede van God op te hemel en te prys!"

***Ons hoofdoel van ons bestaan is om God te aanbid***

Geen bediening of funksie wat ek in Sy kerk doen, moet belangriker wees as dat ek God moet aanbid nie.

Baie gaan kerk toe en neem deel aan 'n ritueel. Maar God soek ware aanbidders wat Hom in Gees en in Waarheid sal aanbid!

Soos wat ons lees in Joh. 4:23- 24. Neem kennis dat die woord "aanbidder" beteken: "hartstogtelike vereerder"

Joh. 4:24 (Lewende Bybel) *"God is Gees, en die wat Hom wil aanbid, moet gelei word deur die Heilige Gees en met 'n eerlike hart bid."*

Die Nuwe Vertaling: *"God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet deur die Gees en in waarheid aanbid."*

Aanbidding is wanneer alles wat ons is, reageer op alles wat Hy is. Aanbidding is ons reaksie op die teenwoordigheid van God, sodra ons bewus word daarvan.

## Sewe Hebreeuse Woorde Vir Aanbidding

Israel het dus presies geweet wat van hul verwag was as hulle die woorde Lof en Prys gelees en gehoor het.

Ons verstaan aanbidding soos wat ons grootgeword het om dit te verstaan!

• **HALLAL**: "Om te roem; op te hemel; te spog; groot te praat; te vier; te herdenk; om uitbundig verspot te wees." Hierdie woord kom ongeveer een-honderd keer voor in die Ou Testament. Een-derde vind ons in die Psalms.

Die woord "Halleluja" kom hiervan en het geen taalgrense nie en word in al die tale op dieselfde manier gebruik. Halleluja is die spontane uitroep van 'n persoon wat opgewonde is voor en oor God!

Dink maar daaraan hoe opgewonde was jy oor wat die Here vir jou gedoen het, net na jou bekering. Wakker weer daardie vlam van spontane lof en aanbidding wat jy gehad het aan in jou hart!

• **YADAH**: "Om met uitgestrekte hande God te aanbid".

~ Iemand steek hande op as hy oorgee. Maak soos wat ons lees van Jeremia in Jer. 20:7,9 *"Here, U het my oorgehaal, en ek het my laat oorhaal; U was te sterk vir my en het oorwin... En as ek sê: Ek sal aan Hom nie dink nie en in sy Naam nie meer spreek nie, dan word dit in my hart soos 'n brandende vuur, opgesluit in my gebeente. En ek het het my moeg gemaak om uit te hou, maar kon nie."*

Die Boodskap vertaal dit: *"Here, U het my omgepraat om U boodskapper te wees. Maar om die waarheid te sê, ek het my laat ompraat. U is baie sterker as wat ek is. U het my onkant gevang. Ek kon nie weerstand bied nie."*

~ Iemand se hande word opgelig as hy wen. Dink aan 'n boksgeveg. Die wenner se hande word opgelig om aan te dui dat hy die geveg gewen het.

Ons is mos meer as oorwinnaars en het rede om ons hande op te hef na God wat ons die oorwinning gee.

Wat sê die Bybel van opheffing van hande? Ps. 63:5: *“Só sal ek U prys my lewe lank, in u Naam my hande ophef.”* Ps. 134:2: “Hef julle hande op na die heiligdom, en loof die Here!” Ps. 141:2: *“Laat my gebed soos reukwerk voor u aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer.”*

• **TODAH** “Uitgebreide hande in bewondering.” Een van die mooiste voorbeelde in die Bybel waar mense hulle hande in bewondering aan God opgehef het vind ons in:

Neh. 8:6,7, *“En Esra het die boek (die wet) oopgemaak voor die oë van die hele volk, want hy het bokant die volk gestaan…”* (hulle het vir hom ‘n preekstoel gebou hiervoor – vers 5) *“…en toe hy dit oopmaak, het die hele volk opgestaan, en Esra het die Here, die grote God geloof, en die hele volk het geantwoord: Amen! Amen!* (wat beteken “laat dit so wees”).*” …met ophef van hulle hande, en hulle het hul gebuig en die Here aanbid met die aangesig na die aarde toe.”*

• **BARAK**: “Om God te eer as die oorsprong van alles”

Een van die treffendste gedeeltes in die Bybel waar gepraat word van “Barak” lofoffers wat aan God gebring was, vind ons in 1 Kron. 29. ~ ‘n “Barak” lofoffer raak ons besittings.

Luister: Jy kan nie net lof aan God bring met leë hande nie. Lees self 1 Kron. 29 en sien hoeveel gegee was aan God as deel van aanbidding.

Die Boodskap sê in 1 Kron. 29:3-9: *"Omdat die huis van my God vir my so belangrik is, gee ek ook al die goud en silwer wat ek het om die bouwerk moontlik te maak. Ek gee 103 ton van Ofir se goud en 240 ton suiwer silwer om die kamers se mure mee oor te trek en vir die ander goud – en silwer werk wat gedoen moet word. Wie is tog bereid om iets vir die Here te gee? Al die familiehoofde, die leiers van die stamme van Israel, die hoër en laer offisiere, en die verskillende amptenare van die koning was dadelik bereid om ook by te dra. Hulle het 171 ton goud, 342 ton silwer, 616 ton brons en 3427 ton yster gegee. Dié wat edelstene by hulle gehad het, het dit aan Jigiël gegee vir die tempelskatte. Die volk was bly oor al die gawes, want hulle het dit vrywillig en met blydskap vir die Here gegee. Koning Dawid was ook baie bly."*

Teen vandag se waarde het Dawid R700-miljoen se goud gegee. Ons met in gedagte hou dat daar 14 onse is in een pond goud. Om jou te help om die waarde van die goud en silwer uit te werk gee ek die volgende inligting: 1 Talent is gelyk aan 125 pond. In "The Living Bible" word gepraat van: 85 miljoen Dollar se goud en 145 miljoen Dollar se silwer

Dit is treffend om te sien dat die leiers het Dawid se voorbeeld nagevolg en ook gegee. Geen leier kan God se volk lei as hy nie bereid is om 'n voorbeeld te stel deur te gee vir God se werk nie. Bogenoemde is redes waarom 'n gemeente nie kan groei indien aanbidding aan God nie 'n ernstige saak vir hulle geword het nie.

• **TEHILLAH**: Dit beteken: “Om met sang God te loof”

Psalm 22:4 *“Tog is U die Heilige wat woon onder die lofsange* (Tehillah) *van Israel”.*

Vir hierdie rede het Israel 4000 voltydse lofsangers gehad soos aangedui in 1 Kron. 23:3 - 5.

Die sangers het hul dorpe om Jerusalem gebou, om naby die tempel te wees. Neh. 12:29 *“... want die sangers het vir hulle dorpe rondom Jerusalem gebou.”*

Psalm 100:4 sal ons beter verstaan as ons na die oorspronklike Hebreeuse woorde kyk in die teks: *“Gaan Sy poorte binne met lof* (Todah = Uitgebreide hande in bewondering) *…Sy voorhowe met lofgesang* (Tehillah = Met gesang) *…Loof Hom* (Yadah = Opheffing van hande) *…Prys Sy Naam* (Barak = Prys Hom met iets tasbaar omdat Hy die oorsprong van alles is!)

• **ZAMAR** “Om op snaarinstrumente God te loof.”

“Zamar” is om jou vreugde en dank deur musiek aan God te bring.

Die volgende instrumente was gebruik om God te loof: Trompette (Num. 10:10) In 2 Kron. 5:12-14 vind ons 120 Leviete wat God loof met trompette. God was ook geloof met: Siters; Harpe; Tamboeryne; Bekkens (slaginstrumente) en Simbale. Die Bybel verwys in 2 Kron. 30:21 selfs na “kragtige instrumente” wat gebruik was om God te aanbid. Lees ook 1 Kron. 25:6,7.

• **SHABACH**: “Luidkeels uit te roep”

Dit is duidelik dat ons hoorbaar lof aan God moet bring. Heb. 13:15: “*Laat ons gedurig* (beteken dag en nag) *deur Hom aan God ‘n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat Sy Naam bely”.*

Psalm 34:2: “*Ek wil die Here altyd loof; Sy lof sal altyddeur in my mond wees.”*

Psalm 126: *“Toe is ons mond gevul met gelag en ons tong met gejubel.”* Met die hart glo ons en met die mond bely ons ~ Heb. 10:9,10.

Luister: Daar is krag in “Shabach” Só het Jerigo se mure geval (Jos. 6:20). Teen watter mure moet jy “Shabach”? Dit was lof aan God dat Josafat die oorwinning teen hul vyande behaal het. 2 Kron. 20:1-26.

Soos die Tabernakel in die Ou Testament ‘n woonplek van God was ~ so is ons as gelowiges die woonplek van die Heilige Gees. Ons is God se Tempels. 2 Kor. 6:16; *“Want julle is die tempel van die lewende God soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel”.*

Voordat jy verder beweeg in jou aanbidding tot God, hoe lyk jou Reukoffer - altaar? m.a.w. jou gebedslewe?

**BAIE WIL AANBID TERWYL HULLE NOG MOET LEER HOE OM TE BID!!**

Ons gebedes voor God is soos reukwerk – Op. 8:3,4. As ek hoor hoe iemand bid dan weet ek hoe hy aanbid.

Indien jy nog nie ‘n aanbidder geword het nie, luister weer hierna: Joh. 4:23,24 *“Maar daar kom ‘n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en*

*waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid moet in gees en waarheid aanbid."*

Meld asseblief aan, want God soek ware aanbidders!

## Wat Sal Gebeur Wanneer God Geprys en Aanbid Word?

**1. Die Here sal by die gemeente voeg dié wat gered is.**

(Hand. 2:47).

God het 3 000 bygevoeg op Pinksterdag en 'n paar dae later 5 000 (Hand. 4:4) Ware lofprysing sal nie mense wegjaag nie, maar eerder mense trek na ons dienste.

**2. God se heerlikheid sal die kerk vul.** (2 Kron. 5:13,14)

Dit was toe die lofprysers in die tempel saam God geloof en geprys het dat Sy heerlikheid die tempel gevul het. God se heerlikheid was so geweldig dat die priester nie eers kon staan in Sy teenwoordigheid nie.

Indien iemand nie kan staan nie dan moet hy sekerlik gaan sit of gaan lê. Ons lees hiervan in 2 Kron. 5:13,14.

**3. Jou probleme sal van jou ontslae raak.**

Toe Jona in die vis se ingewande God begin loof en prys het, het die vis hom uitgespoeg op die strand. As jy God loof en prys te midde van die moeilikste omstandighede, sal jou probleme van jou ontslae raak. Lees in die lig van wat ek nou geskryf het weer Jona 2:1-10.

**4. Ons vyande sal verneder word.**

2 Kron. 20 bly een van die treffendse verhale waar ons leer hoe Israel se vyand verneder was omdat hulle God geloof en geprys het. Josafat het sy sangers en lofpryser reg voor die soldate geplaas om lof aan God te gee.

Die vyande het verward geraak en mekaar uitgeroei. Doen jouself 'n guns om weer hierdie verhaal met aandag te lees.

'n Evangelis hou dienste in Parow (Kaapstad) se Burger Sentrum. Hy vertel aan my dat hy nie eers sy Bybel kon lees voordat hy gepreek het nie. Die letters het net eenvoudig bly beweeg voor hom. Reg voor in die saal het twee spiritiste gesit wat hom probeer bind het. Maar toe God se volk lofprysing aan God gebring het, het die heerlikheid op almal neergedaal en die spiritiste het self hul klere begin skeur en uit die saal weggehardloop. Tot laat daardie nag is mense nog gevul met die Heilige Gees!

**5. Mense om jou sal ook bevry word as jy lof en eer aan God gee.**

'n Ware Aanbidder bejammer homself nie. Kyk wat het gebeur in Hand. 16. Selfs die deure van almal het oopgegaan. Die geregsdienaars het hul kom uitlei uit die stad, voor almal. (Hand. 16: 16-40) Jy sien, lofprysers is altyd in beheer.

Roep uit saam met Paulus: Rom. 11:36 *"Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid."*

Die Lewende Bybel vertaal dit met: *"Dit is God wat alles gemaak het, dit is Hy wat alles in die lewe hou en alles moet Hom eer. Laat ons Hom dan eer tot in die ewigheid. Mag dit so wees."*

# HOOFSTUK 4

## Dissiplineer Jouself Om Jou Humeur te Beheer

Ek is só bly dat God ons nie 'n gees van vrees gegee het nie, maar 'n gees van krag en liefde en selfbeheersing.

2 Tim. 1:7: Die Lewende Bybel vertaal hierdie teks:

> *"Want die Heilige Gees wat God ons gegee het, maak 'n mens nie lafhartig nie, maar Hy gee jou krag en liefde en selfdissipline."*

Dit is net die Here wat ons kan help, deur Sy Gees, om die *"self"* wat ons ook ken as die *"eie-ek"* onder beheer te kan kry.

Salomo het dit so treffend uitgedruk in Spr. 16:32 *"Die lankmoedige is beter as 'n held; en hy wat sy gees beheers, as een wat 'n stad inneem."* Het jy gehoor?

Indien jy dissipline kan toepas om jou humeur te beheer, is dit selfs beter as enige oorwinnings, soos om 'n stad oor te neem.

Spr. 25:28, *"'n Afgebreekte stad sonder muur, so is 'n man wat sy gees nie kan beheer nie."*

Wanneer 'n stad se muur afgebreek was, was daar nie beskerming vir die mense nie.

As jou beheer oor jouself afgebreek is, kan jy moeilikheid verwag, wat jy nie maklik sal kan hanteer nie.

Ek spot altyd deur te sê dat ek ‘n “ordentlike sondaar” was. Dit het gou verander wanneer iemand my omgekrap het. Daarom is ek baie dankbaar dat ek tot bekering gekom het terwyl ek baie jonk was en ervaar het wat geskrywe staan in 2 Kor. 5:17, *“Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.”*

My raad vandag aan mense wat met hul humeur ‘n probleem het is die volgende: “Verloor jou humeur en tel dit nooit weer op nie!”

---

# HOOFSTUK 5

## Dissiplineer Jouself om "Boeke te Lees"

EK het myself altyd gesien as iemand wat lui is om te lees, met dié verskoning dat ek nie tyd gehad het om genoeg Bybel te lees nie. Eers nadat ek 64 geword het (ai, hoe jammer tog!) het die Here my gehelp om myself te dissiplineer om boeke te lees.

Helene en ek het by "Christ for the Nations" Bybelskool in Dallas gaan studeer sodat ons 'n Bybelskool in Suid- Afrika kon vestig. Ek moes dik boeke as teksboeke deurlees. Hiervoor was ek verplig om selfs vier uur in die oggend op te staan om my leeswerk op datum te hou. Ewe-skielik het iets in my brein gebeur en het daar 'n lus vir lees in my ontstaan. Vandag het ek die vermoë om in 'n nag 'n boek deur te lees en selfs op te som. Hiervoor gee ek al die eer aan die Here.

Meer nog: Sedert dié tyd het ek begin boeke skryf, en tot met die skrywe van hierdie boek het ek al 46 boeke geskryf en laat druk! Jy kan dieselfde bereik en selfs baie meer as dit! Maar jou sal jouself moet dissiplineer.

Myles Munroe het gesê: "A book is frozen words. You buy a book and put it in your 'microwave' (your mind) and heat it up."

## Boek Aanbevelings:

- “Celebration of Discipline” deur Richard J. Foster Harper Collins Publishers (Website: www.harpercollins.com)
- “Dit is Volbring” deur Alan Platt. Bestel by: njt@doxadeo.org
- “Understanding Your Potential” deur Dr. Myles Munroe. Publisher: Destiny Image, P.O. Box 351, Shippensburg. PA 17257 – 0351.
- “Take Another Look at Guidance” deur Bob Mumford Bestel by: Life Changers Publishing, P.O. Box 98088, Raleigh, NC 27624.
- “Spirit Controlled Temperament” deur Tim La Haye Kingsway Publications Ltd. Lottbridge Drove, Eastbourne, East Sussex. BN23 6NT.
- “The Purpose Driven Life” deur Rick Warren. Zondervan, Grand Rapids, Michigan 49530 USA.
- “Intercessory Prayer” deur Dutch Sheets. Gedruk deur REGAL, Ventura, California. U.S.A.
- “Exploring Worship” deur Bob Sorge. Gepubliseer deur Oasis House, Posbus 127, Greenwood. Missouri 64034 - 0127
- “Guidelines for Pastors” deur Dan Nell – bestel deur Danie.nell1937@gmail.com.
- “Developing the Leader Within You” deur John Maxwell. Thomas Nelson Publishers, Nashville, Tennessee USA.

- "Discover Yourself" deur Dan Nell. Bestel deur Danie.nell1937@gmail.com.

# HOOFSTUK 6

## Dissiplineer Jouself Aan "Onderwerping"

ONDERWERPING speel 'n groot rol in Dissipline.

In 1 Pet. 2:13,14 lees ons:

> *"Moenie teen die reëls en wette van julle aardse regeerders in opstand kom nie. Gehoorsaam dit maar, want dan sal die Here nie in die skande gesteek word nie. Dit maak nie saak of die wette uit die hoogste politieke vergaderings kom of van die polisie af wat hier onder ons die kwaaddoeners moet vang en die goeie mense moet beskerm nie."* (Die Boodskap)

Baie mense het probleme met onderwerping en tog verwag die Here dit van ons.

In Jak. 4:7 staan geskrywe: *"Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle af wegvlug."*

**Jy moet eers jouself aan God onderwerp voordat jy ooit sal dink dat die duiwel van jou af sal wegvlug.**

Dissiplineer jouself en onderwerp jouself aan jou kerkleiers. Moenie in opstand teen hulle kom nie en skande oor jouself bring nie.

Onderwerp jouself ook aan die opinie van jou familie. Moenie verwydering tussen jou en hulle toelaat nie. Jy is die een wat die grootste verloorder sal wees. Behalwe as hulle totaal uit die Here se wil beweeg.

Die beginsel in Ef. 5:21, rakende man en vrou, is ook van toepassing op ons almal, naamlik: *"Omdat ons vir Christus soveel eerbied het, moet julle julle ook onderwerp aan mekaar."* (Die Lewende Bybel)

1 Petrus 5:6: *"Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het."*

Die Boodskap: *"Plaas julle hele lewe in die hand van God, in totale afhanklikheid van Hom. Wanneer die tyd daar is, sal Hy julle 'n ereplek by Hom gee."*

Die Lewende Bybel: *"Buig laag onder God se sterk hand, dan sal Hy self vir julle eer gee op die oomblik wat Hy daarvoor bepaal het."*

Kan jy sien? Dit is duidelik dat ons eers onsself moet onderwerp aan God, voordat ons kan verwag dat Hy ons kan verhoog.

---

# HOOFSTUK 7

## Dissiplineer Jouself Om Te "Vergewe"

GOD se hart is om te vergewe. Omdat God ons vergewe het, is ons verplig om ander ook te vergewe. Onvergifnis is soos gif wat jy drink en dink ander sal doodgaan!

In Jak. 5:16 lees ons:

> *"Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word."*

**Ek vind die mees uitstaande Skrifgedeelte in die Bybel oor vergifnis Matt. 18:21-35.** Dit is waar Petrus Jesus gevra het hoeveel keer ons mekaar moet vergewe. Hy het gedink dat hy slim genoeg is om sy vraag self te antwoord deur vir Jesus te sê: *"Tot sewe maal toe?" Maar Jesus het hom geantwoord "Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, m aar tot sewentig maal sewe toe."*

### My intree-preek in Bloemfontein in 1982

Wat ek hier gaan vertel is iets wat ek al baie gedeel het met mense wanneer ek praat oor vergifnis. Miskien het jy dit al gehoor, maar dan vra ek nie verskoning nie. Vergifnis is 'n boodskap wat ons oor-en-oor behoort te hoor. Dit is

nie net 'n waarheid om te hoor nie, maar 'n waarheid om uit te leef!

Dit was op 'n Sondagaand en die kerk "Pinkster Tabernakel" in Fichardt Park was vol mense om na hul nuwe pastoor se eerste preek te kom luister.

Ek het nie vooraf my vrou gesê dat ek oor vergifnis sou preek nie, want sy sou sekerlik gevra het dat ek eerder oor die seën van die Here wat vir die gemeente wag sou gepreek het. Miskien sou sy gevra het dat ek oor herlewing of iets in daardie rigting sou preek. Maar God het vir my gesê "Vergifnis" is die regte boodskap daardie dag. Ek is só dankbaar dat ek na die stem van die Heilige Gees daardie dag geluister het.

Toe preek ek uit Matt. 18: 21 tot 35, wat soos volg lees: *"Toe kom Petrus na Hom (Jesus) en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe? Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe. Daarom word die koninkryk van die hemele vergelyk met 'n sekere koning wat met sy diensknegte wou afreken. En toe hy begin afreken, word daar een na hom gebring wat tienduisend talente (miljoene rand) skuldig was. En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy heer bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, en dat betaal moet word. Toe val die dienskneg neer en buig voor hom en sê: Heer, wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal. En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytgeskeld. Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy medediensknegte vind wat hom honderd pennings ('n paar rand) skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp*

*en gesê: Betaal my wat jy skuld. Sy mededienskneg val toe voor sy voete neer en smeek hom en sê: Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal. En hy wou nie, maar het gegaan en hom in die gevangenis gewerp totdat hy die skuld sou betaal het. En toe die medediensknegte sien wat gebeur het, was hulle baie bedroef, en hulle het gegaan en aan hulle heer meegedeel alles wat gebeur het. Daarop roep sy heer hom en sê vir hom: Jou slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld, omdat jy my gesmeek het; moes jy nie jou mededienskneg ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie? En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was. So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.”*

**Wat was die uitwerking op my intree preek?** Onthou dat ek niks van die gemeente geweet het voordat ons daar gekom het nie. Ek glo dat Matt. 18 moes die regte boodskap gewees het want tot vier maande na daardie preek het lidmate met mekaar reggemaak.

Families het versoen in trane. Leiers het by my kom bieg en vertel wat in die gemeente gebeur het. En ek praat nou van een van ons top gemeentes in die land. Dit wys maar die gebrokenheid van die mens. Die mooi storie van alles was dat die gemeente in ‘n kort tyd meer as vedubbel het. Vandag gee ek al die eer aan die Here.

Om dissipline toe te pas in vergifnis moet jy weet dat daar drie dinge is wat jy moet doen: Eerstens moet jyself vergifnis by God kry. Tweedens moet jy jouself kan vergewe. Derdens moet jy ander vergewe.

# HOOFSTUK 8

## Dissiplineer Jouself om 'n "Wenner" Te Wees!

DISSIPLINEER jouself om aan te hou met dit wat jou 'n wenner sal maak.

Hier dink ek aan hulle wat hulself voorberei vir die Olimpiese Spele. Ek verneem dat dié wat oefen as 'n naelloper vir die 100-meter, om dit onder tien sekondes te hardloop, tot vier jaar voor die tyd oefen om dit reg te kry. Al hierdie dissipline om hulle te help om eendag 'n goue medalje te wen! As hierdie atlete dié soort dissipline kan toepas, wat van ons wat op 'n geestelike baan hardloop?

### Wanneer Jy 'n Besluit Moet Neem

Pas dissipline toe deur nie besluite te neem indien jy nie vrede in jou hart het nie! Ons lees in Kol. 3:17: *"Die vrede wat Christus ons gee, moet in julle harte die skeidregter wees as julle oor iets twyfel, want God het julle geroep om een liggaam te wees wat in vrede lewe..."*

Dié vertaling van 'Die Lewende Bybel' leer ons dat die vrede wat God ons gee behoort te wees soos 'n skeidregter, veral wanneer ons oor iets twyfel.

Die rede hiervoor is omdat ‘n skeidregter die reëls ken, die fluitjie hanteer en dat sy beslissing finaal is!

Weet een ding en dit is God ken die reëls, en Sy beslissing is finaal! Sy reëls kom uit die Bybel. Indien ons leef volgens wat daarin geskrywe is sal ons vrede hê en sal ons doen wat Hom behaag.

**Dissiplineer jouself om alleenlik ‘n besluit te neem as jy volkome vrede in jou hart het. Indien jy dit kan doen sal jy jouself baie smarte spaar.**

---

# HOOFSTUK 9

## Dissiplineer Jouself Om Jou Te Verbly In Die Here

ONS lees in Fil. 4:4:

*"Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!"*

Die Boodskap vertaal dit met: *"Julle hart behoort oor te loop van blydskap omdat julle aan die Here behoort. Ek sê weer, julle moet baie bly wees."*

The Message: *"Celebrate God all day, every day. I mean, revel in Him!"*

Dit is nie dat jy moet 'maak' of jy bly is nie, maar dit gaan daaroor dat jy ware blydskap kan ervaar. Jy sal dit alleenlik kan ervaar as jy dissipline kan toepas en nie sal toelaat dat iets jou blydskap steel nie.

Lees weereens Fil. 4:6-9, om uit te vind wat sal jou help sodat jy jouself in die Here kan verbly.

Jy sal leer dat jy alle sorge aan die Here moet oorgee. Jy sal ook leer dat wanneer jy bid moet dit nie net dinge wees wat jy 'smeek' van die Here nie, maar wanneer jy bid moet daar 'danksegging' wees in jou gebed. Moet dus nie net huil wanneer jy bid nie, maar loop oor van lof en eer aan die Here vir al Sy goedheid.

Volgens Fil. 4:8 moet ons altyd sorg dat ons koppe die regte dinge bedink soos: *"...alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat*

*li eflike is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit.”*

Jesus begeer dat ons blydskap volkome sal wees.
Joh. 15:11: *“Dit het Ek vir julle gesê, dat My blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan wees.”* (Kyk na die woord “kan”)

Die “Evangelie” beteken “Goeie Nuus” en dit behoort volkome blydskap in ons harte te bring. Hierdie goeie nuus het begin toe Jesus se geboorte aangekondig was in Lukas 2:10.

Ons lees in Nehemia 8:11: *“Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die Here – dit is julle beskutting.”* Blydskap sal soos ‘n muur om jou beskerming aan jou bied.

Blydskap is deel van die vrug van die Gees. Gal. 5:22: *“Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap...”* Weet dit dat “blydskap” die beste medikasie is vir depressie!

Paulus en Silas het oorwin in die tronk van Filippi deur hul blydskap in die Here. Lees gerus weer Hand. 16.

Mag ek en jy leer om meer te lag, want lag is iets wat aansteeklik is! Wat die kerk betref sou ek baie graag ook groter blydskap in ons dienste wou sien.

Niemand is te oud hulself te verbly in die Here nie.

Dink aan Miriam wat op 92 jaar nog in oorwinning voor God kon dans. (Ex. 15:20)

Dawid het met vreugde voor God gedans. Ons lees daarvan in 2 Sam. 6:14-16.

Richard Foster het gesê: “There is something sad in people running from church to church trying to get an injection of ‘the joy of the Lord.’ Joy is not found in singing a particular kind of music or in getting with the right kind of group or even in exercising the charismatic gifts of the Spirit, good as all these may be. Joy is found in obedience.”

---

# HOOFSTUK 10

## Dissiplineer Jouself Om 'n "Gewer" Te Wees

IN Lukas 6:38 het Jesus gesê:

> *"Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hul le in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."*

Die Lewende Bybel: *"Gee vir ander mense, dan sal God vir julle ook gee. Hy sal dit vir julle gee soos iets wat 'n mens in 'n houer uitmeet, maar dit sal soveel wees dat dit sal oorloop al word dit ingedruk en gelyk geskud. Want met die soort maat waarmee julle vir ander iets uitmeet, sal God ook vir julle uitmeet."*

King James Bible: *"Give and it will be given to you: Good measure, pressed down, shaken together, and running over will be put into your bosom. For with the same measure that you use, it will me measured back to you"*

Paulus sê in Gal 6:8: *"En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie."*

**Een van die duidelikste gedeeltes in die Bybel oor gee, vind in in 2 Kor. 9**

Woorde soos "saai en maai" word hier gebruik. Om te "gee" is om te "saai" en om te "ontvang" is om te "maai"

**Kom ons kyk mooi na 2 Kor. 9:6-8:** *"Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai. Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief. En God het mag om all genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk."*

Die Engelse vertaling is: *"So let each one give as he purposed in his heart, not grudgingly or of necessity, for God loves a cheerful giver"* Die Griekse woord wat vir "*cheerful*" gebruik word, is "*hilarious*"

Dit beteken: *"hilarious en joyful giver whose heart is in his giving."*

Ek het my seuns geleer: "If you have a need, sow a seed." Ek het in die verlede ondervind dat ek meer oorwinnings in my finansies gehad het deur te gee as deur net te bid.

**Die beste "gee" is wanneer jy voel dit kos jou iets!**

Daar is 'n treffende verhaal van Dawid wat ons vind in 2 Samuel 24, waar hy 'n stuk grond wou koop om aan God te offer. Dawid wou keer dat 'n vloek sy volk sou tref.

Ons lees in 2 Samuel 24:21 *"En Arauna het gesê: Waarom kom my heer die koning na sy dienaar? Daarop sê Dawid: Om die dorsvloer van jou te koop, om vir die Here 'n altaar te bou, sodat die plaag onder die volk kan ophou. Maar Arauna sê vir Dawid: My heer die koning kan neem en offer wat goed is in sy oë, kyk, daar is die beeste as die brandoffer en die sleë en die trekgoed van die beeste as hout...Maar die koning het Arauna geantwoord: Nee, maar ek wil dit verseker van jou koop vir sy prys; en ek wil nie verniet aan die Here my God brandoffers bring nie..."*

Vandag wil ons aan God offer, maar hoe minder dit ons kos, hoe beter. Ons wil gee maar dit moet ons nie "seermaak" nie.

Soos Israel van ouds, offer talle nie altyd hul beste aan die Here nie.

God het Israel sterk aangespreek hieroor in Mal. 1:7,8 met hierdie woorde: *"Julle bring spys wat verontreinig is, op my altaar, en dan vra julle: Waardeur het ons U verontreinig? Deurdat julle sê: Die tafel van die Here is veragtelik. En as julle 'n blinde dier bring om te offer, is dit geen kwaad nie! En as julle 'n lam of 'n siek dier bring, is dit geen kwaad nie! Bring dit tog vir jou goewerneur! Sal hy 'n welgevalle aan jou hê of jou goedgesind wees? Sê die Here van die leërskare."*

Die Engelse verklaring van "sacrifice" is: "If you sacrifice something that is valuable or important, you give it up for the sake of showing love and affection."

Wanneer ons gee moet die dryfkrag in ons liefde wees. In 2 Kor. 5:14 kon Paulus die volgende uitroep: "*Want die liefde van Christus dring ons."*

Die Lewende Bybel vertaal dié teks met: *"Alles wat ek nou doen, word oorheers deur die liefde wat Christus vir ons gehad het."*

---

# HOOFSTUK 11

## Dissiplineer Jou Tong!

DAAR is baie krag in ons woorde. Positief of negatief.

Spreuke 13:3:

> *"Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe; wie sy mond nie kan hou nie gaan sy ondergang te gemoed."*

Spr. 15:1: *"'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af (laat die woede bedaar) maar 'n krenkende woord ('n woord wat seer maak) laat die toorn opkom."*

Spr. 16:24: *"Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek: soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente."*

Spr. 17:27: *"Wie sy woorde inhou, besit kennis; en hy wat kalm is van gees, is 'n man van verstand."*

'n Treffende teks bly Spr. 18:21: *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet."*

Lees ook Jak. 3:2-10, dan sal jy sien die geweldige krag wat die tong besit. Dié gedeelte lees soos volg: *"Want ons almal struikel dikwels. As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou. Kyk, ons sit stange in die perde se bekke, sodat hulle ons gehoorsaam kan wees, en ons stuur hulle hele liggaam daarmee. Kyk, ook die skepe, alhoewel hulle so groot is en deur hewige winde voortgedryf word, word gestuur deur 'n klein roer net waarheen die stuurman*

*wil. Net so is die tong ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge – kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand...die tong kan geen mens tem nie; dit is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif. Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is. Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie."*

## Ons Praat Verkeerd

"Ek is bevrees, so en so gaan gebeur." Ons gebruik die woord "vrees" so baie. "Hoe gaan dit met jou siekte?" Ons praat of ons die siekte besit.

Dit is mos 'n familiekwaal - want *"die Here besoek 'n mens mos aan die derde en vierde geslag."* In Eks. 20:5 lees ons hiervan, maar let op die volgende woorde *"van die wat My haat."*

Indien jy nie die Here haat nie, kan dit mos nie op jou van toepassing wees nie?

"Ek voel die griep kom aan…" Moet nooit siekte na jou "roep" nie.

"Ag, ek is maar swak…." Hoe kan jy ooit dit sê terwyl Sy krag in ons swakheid volbring word?

Ons moet leer om nie "oorhaastig" te praat nie, en impulsief op te tree nie. 'n Impulsiewe persoon is iemand wat iets skielik doen of sê sonder om eers mooi daaroor na te dink.

In Jak. 1:19 staan daar: *"So dan, my geliefde broeders, elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig te word."*

Die Boodskap vertaal Jak. 1:19 soos volg: *“Liewe mede - Christene, plak hierdie woorde op waar julle dit elke dag kan sien: julle moet ander mense ‘n kan gee om te sê wat hulle op die hart het. Luister rustig na hulle sonder om hulle te wil doodpraat. Wanneer dit jou kans is, gee jou mening.”*

**Dank die Here daar is positiewe krag in ons woorde en daarom kan ons selfs die duiwel oorwin deur ons tong!**

Op. 12:11 *“En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur DIE WOORD VAN HULLE GETUIENIS."*

## Dawid Se Gesprek Met Goliat

1 Sam. 17:45-47 *“Maar Dawid sê vir die Filistyn: Jy kom na my met ‘n swaard en met ‘n spies en met ‘n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die Here van die leërskare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het.”*

In 1 Sam. 17:26 het Dawid van Goliat gepraat as ‘n “onbesnedene" omdat Goliat geen verbond met God gehad het nie. Dawid het Goliat oorwin nog voordat die klip sy voorhoof binnegedring het.

Dink ook aan die Griekse vrou in Mark. 7:28,29 (Haar dogter was gebind deur ‘n onreine gees!) *"En sy antwoord en sê vir Hom; Ja, Here, maar die hondjies eet darem onder die tafel van die kinders se krummels, en Hy sê vir haar, terwille van HIERDIE WOORDE kan jy gaan; die duiwel het uit jou dogter uitgevaar."*

## Jou Mond Het Skeppingskrag

2 Kor. 4:13 *"En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het - soos geskrywe is; Ek het geglo, daarom het ek gespreek - glo ons ook, daarom spreek ons ook."*

**Geloof is in ons mond en moet uitgespreek word.**

Rom. 10:8-10 *"Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."*

Ek het altyd oorwinning oor my seuns gespreek toe hul tieners was. Selfs in die nag wanneer hulle geslaap het. Ek doen dit nog steeds oor my vrou.

Jy kan jou probleme verskuif! Mark. 11:23,24 "*Dit verseker Ek julle: Elkeen wat vir hierdie berg sê: Lig jou op en val in die see, en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, gebeur, vir hom sal dit gebeur. Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees."*

## Onthou Die Volgende as jy Oor Jou "Berg" van Probleme Praat

Maak seker dat jy vanuit 'n posisie van gesag praat! Moenie voel jou "berg" is te groot vir jou nie. By God is alle dinge moontlik.

Maak seker dat jy die regte woorde gebruik teen "jou berg.":

• **Finansiële berg?** “Omdat ek volop saai sal ek volop maai, soos wat ek lees in 2 Kor. 9:6.” “Ek glo die belofte in Mal. 3:10!”

• **Siekte**? “Deur Sy wonde is ek genees!” 1 Pet. 2:24. Weet dit: God het altyd die laaste sê oor jou lewe, en geen mens nie!

Kom ek vertel jou ‘n ware storie. Daar was ‘n blinde man vir wie gebid was in dienste. Daarna het hy teenoor almal bely dat hy genees is deur die wonde van Jesus. Terwyl hy in ‘n haarkapper salon sit vra die haarkapper hom uit oor die gebed wat vir hom gedoen is en wat die gevolg daarvan was. Weer het hy getuig: “En deur Sy wonde is ek genees!” Die volgende oomblik sien hy homself in die spieël van die haarkapper, spring op uit die stoel en hardloop na buite terwyl hy uitroep: “Ek kan sien, ek kan sien!”

• **As jou gesin aangeval word**: Bely Jes. 54:17 *"Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gered, sal jy weerlê."*

• **As jy aangeval word in jou denke**: Bely dan die volgende: 1 Joh. 4:4 ~ *"Hy wat in my is, is groter as hy wat in die wêreld is!"* 2 Kor. 5:17 ~ "Omdat ek in Christus is, is ek 'n nuwe skepsel!" 2 Tim. 1:7 ~ *"God het aan my nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing!"* Rom. 8:1 ~ "*Ek het geen veroordeling nie omdat ek in Christus Jesus is!"*

Gebruik God se Woord elke keer as jy met jou probleme praat. Jesus het die duiwel oorwin deur God se Woord te gebruik tydens Sy versoeking in die wildernis (Matt. 4).

## Ons het 'n aanraking op ons lippe nodig

In Jes. 6:6,7 lees ons: *"Maar een van die serafs ('n engel) het na my toe gevlieg met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar af geneem het, en hy het my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen."*

Na hierdie ontmoeting was Jesaja nie meer negatief soos wat ons lees in die eerste vyf hoofstukke van sy boek nie! In Jes. 9:5 roep hy uit: *"Want 'n kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors."*

# HOOFSTUK 12

## Dissiplineer Jouself Om Tyd Reg Te Gebruik

IN Ef. 5:16 lees ons:

*"...en koop die tyd uit, omdat die dae boos is."*

Nuwe Vertaling: *"Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd."*

Die Lewende Bybel: *"Moenie tyd mors nie – maak die beste gebruik daarvan want ons leef in moeilike tye."*

In die Bybel is daar twee Griekse woorde vir tyd, naamlik "chronos" (gewone tyd) en "kairos" (gunstige tyd). Die gewone tyd "chonos" is ons sekondes, minute, ure, dae, weke, maande en jare. Dan is daar "kairos" tyd wat die gunstige tyd is wat God skep vir ons as mens. Dit is wanneer God vir jou en my geleenthede skep wat ons kan gebruik.

**In 1 Kron. 12 lees ons in vers 32 van die Issaskarstam.** *"dié mense wat die tekens van die tye verstaan het en geweet het wat Israel te doen staan."*

The King James vertaal dit: *"the sons of Issachar who had understanding of the times."*

Omdat hulle die tyd verstaan het waarin hulle gelewe het, kon hulle rigting gee vir Israel. Die oorgangstyd vanaf die koningskap van Saul na dié van Dawid was baie belangrik.

**Ester was ook iemand wat die tyd waarin sy geleef het reg verstaan het.**

Dit het haar in ‘n posisie gestel dat God haar kon gebruik om Israel te red van ondergang. Mordegai, haar oom, het die volgende vir Ester gesê in Ester 4:14: *“...en wie weet of jy nie met die oog op ‘n tyd soos hierdie tot die koninklike waardigheid geraak het nie?”*

Die Boodskap vertaling: *“Wie weet, dalk moes jy juis koningin word om jou volk te help.”*

**In Hand. 17:17-36 lees ons van die “kairos” tyd van Moses**

Moses se geboorte was ‘n “kairos” tyd vir hom. Daar was ook ‘n gunstige tyd vir Moses toe God met hom ontmoet het by die bos wat in die woestyn gebrand het. (Ex. 3)

Jou geboorte was ook vir jou ‘n “gunstige tyd” wat aan jou gegee was. Net so was jou roeping ‘n “kairos” of dan ‘n gunstige tyd wat vir jou aangebreek het. Dissiplineer jouself om tyd wat jou gegun is op die beste manier te gebruik. Leer om nie tyd te mors nie!

As mense maar net kan besef dat daar ‘n spesifieke tyd is wat God iets spesiaals vir hulle wil doen, behoort hulle gereed te wees daarvoor.

**Die lewe is soos die neem van ‘n foto.**

Indien jy nie gereed is om ‘n foto op die regte tyd te neem nie, mis jy net die geleentheid. Dit is soos iemand wat in ‘n Wildspark ‘n aksiefoto kan neem van ‘n leeu, maar nie gereed is om die knoppie te druk nie.

Jesus het Jerusalem besoek op die rug van ‘n donkie. Toe hy die stad sien het Hy daaroor geween en gesê: *“As jy tog*

*maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek... En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die 'gunstige tyd'* (kairos) *toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie."* (Luk. 19)

Keiser Titus het 'n kort tyd ná hierdie woorde van Jesus die stad Jerusalem ingeval en 600,000 Jode doodgemaak. Hy het die stad afgebrand en die tempel verwoes en daar het nie 'n klip op die ander oorgebly nie.

Dissiplineer jouself om die tyd wat God aan jou gee reg te gebruik. Indien jy 'n begeerte het om iets vir die Here te doen, gee ek jou volgende goeie raad: "Vind uit waar God werk en sluit aan by Hom." Talle gaan in hul eie krag, met die hoop om iets vir die Here te doen, maar vind uit dat God nie daar is om hul pogings te seën nie.

Weet jy dat die Heilige Gees kan jou verhinder om die woord te verkondig? Lees gerus wat geskrywe staan in Hand. 16:6,7: *"En hulle* (die apostels) *het deur die land Frigië en Galasië gegaan, omdat die Heilige Gees hulle verhinder het om in Asië die woord te verkondig. En toe hulle by Misië kom, het hulle probeer om na Bitinië te gaan, maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie."*

As jy weer iets vir God wil doen, maak seker die Heilige Gees is tevrede.

Ek herhaal in Engels: "Find out where God is moving, and then join Him"

Tyd kan so maklik onder ons uithardloop. Pas dus dissipline toe om dit reg te gebruik.

# HOOFSTUK 13

## Dissiplineer Jouself Om 'n Ware Dissipel van Jesus Te Wees!

OM 'n dissipel van Jesus te wees is om Hom te volg waar Hy jou lei. In Lukas 9:23 het Jesus gesê:

> *"As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg."*

Matt. 10:38: *"Hy wat nie sy kruis opneem en My volg nie, is nie werd om My te behoort nie."*

Hoekom praat ons van Dissipelskap? Omdat dit die taal is van die Bybel.

Matt. 28:19: *"Gaan dan heen en maak dissipels van al die nasies."* Dit is ons hoof opdrag!!

Luk. 11:1: "En toe Hy (Jesus) op `n sekere plek besig was om te bid, sê een van Sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: *"Here leer ons bid soos Johannes ook sy dissipels geleer het."* (Johannes ook volgelinge gehad)

Hand. 14:21: *"En nadat hulle aan daardie stad die evangelie verkondig en 'n aantal dissipels gemaak het, het hulle teruggegaan na Listre en Ikónium en Antiochië."*

## Basiese Beginsels van Dissipelskap

Ons moet onsself verloën Luk. 9:23: “En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy hom self verloën, en sy kruis elke dag opneem en My volg.”

Selfverloëning beteken om van myself niks te maak nie; en dit elke dag te doen. Dit beteken ook selfkruisiging met Christus. Gal. 2:20; Rom. 6:5,6.

Ons moet geestelik vrugte dra Joh. 15:8: *“Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees”.* As ‘n dissipel van Jesus kan jy nie leef soos jy wil nie, maar soos Hy wil.

Die ware dissipel dra vrug volgens Gal. 5:22. Hierdie vrug is: Liefde, blydskap, vrede, geduld, vrygewigheid, vriendelikheid, betroubaarheid, nederigheid, en selfbeheersing. IS HIERDIE VRUG TEENWOORDIG IN JOU LEWE?

Ons moet lief wees vir die Bybel Joh. 8:31: *“En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: As julle i n my woord bly, is julle waarlik my dissipels.”*

Ons moet alles “minder lief hê” as God in Luk.14 lees ons iets treffends: Vers 26

*“As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moder en vroue en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy My dissipel nie wees nie.”*

Vers 33: *“So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, My dissipel wees nie.”*

Hoe verstaan ons hierdie verklaring van Jesus terwyl die Bybel sê dat ek my ouers sal liefhê en ook sal eer?

Ef. 6:2,3: *"Eer jou vader en jou moeder dit is die eerste gebod met `n belofte – sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde."*

Die woordjie "haat" in Luk. 14 beteken om "minder lief te hê". Verstaan Rom. 9:13 ook korrek, naamlik: *"Jakob het ek liefgehad en Esau het ek gehaat."* Ons moet verwag dat God dié wat Hom opreg dien meer sal lief hê.

En wat van my besittings? (Luk. 14:33) My besittings mag my nie besit nie. Dit beteken dat ek nie `n slaaf van my besittings mag wees nie. Dit is nie sonde om sekere dinge te besit nie, maar dit is `n sonde as die dinge my besit.

Vandag is daar 'geheime dissipels'

Joh. 7:13; 12:42; 19:38

Wat sal `n bruidegom maak as sy bruid sê: "Ek sal jou bruid wees maar in die geheim, niemand moet daarvan weet nie?" So `n verhouding sou niks werd wees nie.

**DRIE BELANGRIKE VRAE:**

➢ Kan jy sê dat jy ‘n dissipel van Jesus is?

➢ Het jy al iemand gehelp om Jesus se dissipel te word?

➢ Weet jy wat moet ‘n mens doen om ‘n dissipel van Christus te word?